Most of the team members gathered in Pretoria during November to get acquainted with their various tasks and to develop the "team spirit". During the first weeks of December they underwent special training in cooking, fire fighting, first aid, physical fitness, etc. Farewell functions were held by the Department of Transport, the Antarctic Club and the Antarctic Association.

On 30th December at 10 p.m. the *RSA* departed from Cape Town with the team and a number of officials and observers on board, including Mr. Jones Lynch from Argentina. The Department of Transport was represented by J. J. Kruger and J. J. Wehmeyer. The Physics Department of Potchefstroom University sent four men to undertake cosmic ray studies on board and to erect the neutron monitor hut at SANAE in a new position. Three men from the Department of Public Works also made the passage, to effect repairs and erect structures at the base.

The voyage was fairly uneventful. The pack ice was encountered on 9th January at 68°S and only one small detour had to be made on this day. The ship sailed through open water from 6 a.m. till 1 p.m. on the 11th when the ice front was reached. However, due to heavy seas the ship had to stand off for a full day before she could dock in Tottanbukta against a 15 foot ice wall.

Offloading took three days and the new team finally departed for the base on Sunday 16th January. The *RSA* then spent another three days along the ice shelf in the vicinity for the purposes of seal shooting for the dogs and for oceanographic observations. When the ship returned to Tottanbukta on the 19th the sea was rough and a huge piece of ice broke lose from the ice wall, so that a hasty retreat had to be made to the open sea. The returning team embarked on the evening of the 20th and after a "braaivleis" on the helideck, during which the cup for the team member with the most impressive and well groomed beard was handed to radio operator Nico Smit, the ship departed at 11 p.m.

The main event during the return voyage was the removal of the appendix of diesel mechanic Joubert by Doc. Jan de Wit on the 23rd. The only really heavy sea was encountered during the last day when a southerly gale came up and the *RSA* docked in Table Bay at 3.30 p.m. on Monday, 31st January, after a record voyage which lasted only 32 days.

NUUS VAN SANAE EN DIE EILANDE

SANAE, 22e November, 1965:

Op SANAE is die welkome somerson verberg agter 'n kombers van wolke. Sneeu, gepaard met sterk winde, vergesel ons reeds vir bykans twee weke. Ver in die yswoestyn word die ekspedisie na die berge hewig vertraag. 'n Gevoel van opgewondenheid word opgemerk onder die lede noudat die terugkeer voor die deur staan. Ons vrees net dat die "bergbobbejane" nie betyds sal terugkeer voor die aflospan arriveer nie. Binnenshuis word gewoel om leë kaste te verwyder en sneeugange in orde te kry vir die nuwe voorrade. Buite is daar 'n duisend diesoline dromme en stellasies wat nog rustig onder die sneeu verkeer—net 'n regte losmakertjie vir die spiere vir die groot werk wat voorlê. Wanneer daar 'n kansie kom dan woel die kameras, want dié gogga fotografie het nou regtig die manne gebyt.

(Geen nuusberigte is vanaf SANAE ontvang vir Desember en Januarie nie, seker omdat die bedrywighede voor die oorname en die aktiwiteite kort daarna oorweldigend was).

MARION, 18e Januarie, 1966:

Die Nuwejaar het vir ons lekker warm weer voorsien en die vooruitsigte lyk stellig ook rooskleuriger, want ons begin al huis skoonmaak en pak. Van huis skoonmaak gepraat, dié van ons wat 'n paradegrond ken reken dat die sweet daarvan verbonde nie vergelyk kan word met die harde arbeid wat deesdae hier op Marion ondervind word nie. Eddie verdwyn kort-kort met 'n weegskaaltjie op die rug—glo om die albatrossies te weeg maar ons betwyfel dit. Die goedjies waardeer dit nie! Marion is deesdae gespikkeld soos 'n luiperd van al die albatrosse wat broei.

Ons het 'n paar warm, reënlose dae gehad en uitstappies na afgeleë plekke is aangepak. Dit is wonderlik om die gedruis van so twee miljoen pikkewyne bymekaar te hoor—dit kan selfs myle ver gehoor word. 'n Familie van vier "killer whales" het hulle nou hier tuis gemaak—ons kan hulle herken want een het 'n deel van sy rugvin beskadig. As hulle nog steeds hier is wanneer die *RSA* kom dan sal ons eerder Marioniete wil bly as om tussen die land en die skip in die water te beland!

GOUGH, 20e Desember, 1965:

Met die naderende Kerstyd gaan ons gedagtes onwillekeurig terug na die jaar wat verby is. Gebeurtenisse soos die koms na die eiland, die eerste radiotelefoonoproep, 'n uitstappie na 'n bekende landmerk en soveel ander is nog vars in die geheue. 'n Uitstaande ondervinding was 'n tog na die ou basis. Met rugsakke alleen was dit vermoeiend genoeg. Dan bewonder jy jou voorgangers wat nog die moed gehad het om 'n telefoondraad oor die hele afstand te span.

Met die vertrek van die *Tristinia* is die atmosfeer nou weer meer rustig. Al die briewe aan die familie is saam en hier en daar ook 'n foto om te wys hoe oorgewig en bebaard ons geword het. Daar was eers sprake dat die *Gilian Gaggins*, 'n susterskip van die *Tristania*, Gough sou besoek, maar dit gaan blykbaar nie meer gebeur nie en dus sal ons nou maar tot die koms van die *RSA* oor vier maande moet wag.

Dit was 'n grootse gesig om onlangs te sien hoe 'n walvis soos 'n reuse dolfyn uit die water duik in Transvaalbaai. Vandat die somerweer begin het, het ons begin praat van gaan swem voor ete. Die see het aanloklik gelyk en dit was nie lank nie of twee van ons stap ewe braaf af see-toe, gewapen met paddavoete en 'n duikbril. Alhoewel die water baie koud was is ons nie afgeskrik nie en het daarna weer probeer.

NUUS VAN DIE VERENIGING

VERGADERING VAN 30e AUGUSTUS, 1965:

Die byeenkoms van die Vereniging in Pretoria is bygewoon deur 20 lede en 'n groter aantal besoekers. Prof. T. Gevers van die Geologie Departement van die Universiteit Witwatersrand het 'n boeiende voordrag gelewer oor sy besoek aan McMurdo Sound (die groot Amerikaanse stasie in die Ross-see) en die nabygeleë berggebied van Suid-Viktorialand. Prof. Gevers het die gebied as gas van die Amerikaanse navorsers besoek en is gul behandel. Hy het ongeveer 180 kleurskyfies vertoon, baie daarvan vanaf 'n helikopter geneem en dus uit hoeke waar 'n geoloog te voet nooit kan bykom nie. Enkele aspekte van sy voordrag en ondervindings en 'n paar fotos is in die September uitgawe (No. 11) van die "Bulletin" ingesluit.

VERGADERING VAN 1e NOVEMBER, 1965:

Op 1e November is 'n gesamentlike vergadering van die S.A. Antarktiese Vereniging en die Pretoriatak van die S.A. Vereniging vir die Bevordering van die Wetenskap gehou by die Skougronde, Pretoria. Die vergadering is bygewoon deur 23 lede van die Antarktiese Vereniging (onder andere ons twee beskermhere Dr. S. M. Naudé en Prof. S. P. Jackson) en meer as 30 ander persone. Die sprekers by die geleentheid was Prof. E. M. van Zinderen Bakker van die Universiteit Oranje-Vrystaat en Dr. W. J. Verwoerd van die Geologiese Opname, Pretoria. Prof. van Zinderen Bakker het 'n algemene oorsig gegee van die Biologiese Ekspedisie wat gedurende die eerste drie maande van 1965 besoek by Marion- en Prins Edwardeiland afgelê het. Hy het kleurskyfies vertoon veral van die plante- en dierelewe op Marioneiland. Dr. W. J. Verwoerd het oor die kartografiese en geologiese opnames wat gelyktydig uitgevoer is gepraat en die vergadering op 'n fotografiese toer rondom en oor Marioneiland geneem en ook die verrassende skoonheid van Prins Edwardeiland getoon.

TOEKENNING VAN MEDALJE IN 1966:

Nominasies vir die toekenning van die S.A. Antarktiese Medalje in 1966 het op 30e September gesluit, maar later is verdere nominasies tot einde Desember versoek. Die Medaljekomitee bestaan uit Kommandant W. J. B. Chapman (voorsitter), Prof. P. H. Stoker, Mnr. C. Sandby en mev. C. M. Taljaard as Sekretaresse.

ANTARKTIESE UITSTALLING:

Die Bestuur voer groot planne in die mou om 'n uitstalling van hoogstaande gehalte aangaande Antarktiese wetenswaardighede en veral oor Suid-Afrika se deelname aan Antarktiese navorsing op te bou en ten toon te stel in die Museum vir Wetenskap, wat tans in Pretoria opgerig word. Vir hierdie doel is daar 'n aardige sommetjie geld nodig en dit mag selfs vier syfers beloop om 'n waardige uitstalling saam te stel. As daar lesers is wat weet waar en hoe daar te werk gegaan moet word om daardie essensiële bedrag te bekom, dan sal hulle die Vereniging en Suid-Afrika op lofwaardige wyse kan dien.

DASSE BESKIKBAAR:

'n Aantal dasse van die Vereniging is nog beskikbaar teen R2 plus 10c posgeld, bestelbaar by die Ere-Sekretarresse, Andersonstraat 16, Brooklyn, Pretoria.

J.G.I. & S. 98375 3/66